

## DIE EËNSYDIGHEID VAN DIE VERBOND IN SY OORSPRONG.

Met die loop van die eeue is die aksent op die gebied van die teologiese wetenskap voortdurend verskuif. Elke volgende eeu het gewoonlik 'n nuwe strydpunt na vore gebring. So was daar in die oud-christelike Kerk die christologiese stryd. Die vraag was in watter verhouding die tweede Persoon in die goddelike Wese staan tot die eerste Persoon.

Daarna is die stryd verskuif na die probleem oor die twee nature van Christus en het die kenosisleer gebaseer op Filippense 2: 7 in die middelpunt van die belangstelling gestaan.

Daarop volg die geskil oor die term *filioque*, „en van die Seun”, oor die vraag of die derde Persoon uitgaan van Vader en Seun of alleen van die Vader.

In die 18de eeu het die teïstiese stryd ontbrand. Toe het die aksent geval op die eerste Persoon van die goddelike Wese en is teenoor die louter transcensie van die Deïsme die standpunt gehandhaaf dat die werksaamheid van God in die wêreld tegelyk transcendent en immanent is.

Daar was egter in die loop van die eeue nie alleen 'n stryd oor die christologie en oor die teologie nie, maar ook oor die antropologie, d.w.s. oor die vraag aangaande die mens, sy wese, oorsprong en bestemming.

Met die verskuiwing van die aksent na laasgenoemde het die mens almeer in die middelpunt te staan gekom. Die evolusieteorie het daartoe saamgewerk en het ook sy uitwerking gehad op die gebied van die Teologie. Dit het meegebring dat waar die Reformatore in hulle Teologie van God uitgegaan het, daar het deur die aksentverskuiwing in die 18de eeu die mens almeer uitgangspunt geword. Ook die verbondsgedagte het hiervan nie vry gespring nie. Tekenend vir die wyse waarop die Reformatore klem gelê het op God as uitgangspunt van die Verbond, is die antwoord wat Ursinus in sy eerste ontwerp van die Kategismus gegee het op die vraag: „wat is u enigste troos sowel in lewe as in sterwe?” Sy antwoord is: „dat God my in sy genadeverbond opgeneem het.”<sup>1)</sup>

Soos gesê, het deur die aksentverskuiwing ook in die Verbondsteologie die mens almeer op die voorgrond gekom. Die gevolg hiervan was dat die Verbond òf losgelaat òf verswak is en dat die mens in sy strewe na vore geskuif is. Metodisme, Piëtisme en Modernisme het almal meegedoen aan hierdie verskuiwing van aksent, terwyl die sekta-

---

<sup>1)</sup> aangehaal deur Dr. OORTHUYNS in die voortrefflike werk: „Grondslag en Wezen der Kerk” deur Dr. G. OORTHUYNS en Dr. P. J. KROMSIGHT. Uitgewers Veenman en Zonen, Wageningen 1933. Bladsy 21.

risme van alle tye dieselfde gedoen het deur nl. die swaartepunt van die Evangelie te verlê in die mens, in sy geloof, in sy vryheid om te glo of nie te glo nie. As die mens salig word, so word geleer, is dit nie as gevolg van die vrymagtige genade van God in Verbond en verkiesing nie, maar dan is dit as gevolg van die vrymag van die mens om te glo en hom te laat doop. Die mens word dus nie salig omdat God hom eerste liefgehad het<sup>2)</sup> nie, maar omdat hy deur geloof en bekering toon dat hy God eerste liefgehad het. Hier is die vraag nie: hoe regverdig God die goddelose,<sup>3)</sup> maar wat moet die goddelose mens doen om geted, om geregverdig te word.

Hierdie aksentverskuiwing het sy uitwerking ook gehad in die Gereformeerde teologie. Die verbondsgedagte is nie losgelaat nie, maar almeer nadruk is gelê op die mens, die een party in die verbondsluiting. Sy wedergebore staat en sy uitverkore „zyn” is almeer belig ten koste van wat God in Doop en Verbond belowe en skenk.<sup>4)</sup>

Hierdie nuwe rigting in die Gereformeerde teologie gaan nie sover in die beklemtoning van die mens se deel in die Verbond met God as wat bv. die Metodisme en die Sektarisme of die Verbondsmanne van Damaskus gaan nie, maar dit gaan in dieselfde rigting.

Die Verbondsmanne<sup>5)</sup> was nie tevrede met die godsdienstige toestand in Jerusalem nie en het toe in Damaskus gaan woon en daar het hulle ’n nuwe verbond met God gesluit. Let op dat die aksie tot die verbondsluiting van hulle uitgaan.

Hierdie nuwe rigting in die Gereformeerde teologie tw. die Neo-Calvinisme, leer op die voetspoor van Dr. A. KUYPER dat die dopeling reeds wedergebore is of liever veronderstel word te wees. Met sy geboorte of daarvoor is die kiem van die wedergeboorte reeds in sy hart gelê. Op grond van hierdie veronderstelling, so skryf<sup>6)</sup> KUYPER, kan die gedoopte vir homself sê: As dit waar is, wat my doop veronderstel, dat ek reeds as ’n klein kindjie deur die genade van God wedergebore is, „dan is in mij dat leven aanwezig.” Verder is hy die mening toegedaan dat daar „de vaste onderstelling bij de opvoeding van elk gedoopt kindeke (is), dat er verborgen genade in schuilt, en dat uw opvoeding slechts strekt om dat verborgen genadezaad in den akker van uw kindeke te besproeien.”<sup>7)</sup>

Die wedergebore kiem, die verborge genadesaak is dus ’n habitus, ’n ingeskape hebbelikheid, waaruit geloof en bekering alleen kan voort-

---

<sup>2)</sup> I Joh. 4: 10.

<sup>3)</sup> Rom 4: 5.

<sup>4)</sup> Vergelyk my vlugskrif: „Doop en Verbond”, Hoofstuk 1. Uitgee in opdrag van die Hoofbestuur van die Ned. Herv. Sustersvereniging, Pretoria, 1945.

<sup>5)</sup> „Inleiding tot den Bijbel” deur Dr. H. TH. OBBINK en Dr. A. M. BROUWER, uitgegee by H. J. Paris te Amsterdam 1928, bl. 282.

<sup>6)</sup> *E Voto Dordraceno* III: 76, Amsterdam, 1891-94 (onderstreping deur my).

<sup>7)</sup> „Voor een Distel een Mirt”. Uitgee deur J. A. Wormser, Amsterdam 1891, bl. 116 (spasiëring deur my).

vloei en „uitsluitend” op hierdie verborge wedergeboorte laat Dr. KUYPER die eis rus dat elke gedoopte hom moet bekeer.<sup>8)</sup> Dit is nog wel die werk van God, maar die wedergebore mens het tog nou wel iets in hom, ’n begin, ’n uitgangspunt, ’n ingeskape besit, ’n grootheid in homself en hierdie verborge kiem van die wedergeboorte is vir hom die sekerheid, die waarborg van sy redding en saligheid. Hier word dus nie meer die regverdiging van die goddelose geleer nie, maar die regverdiging van die wedergebore mens, terwyl die sondaar tog alleen op Christus en sy soenverdienste moet bou. As die wedergebore staat van die mens die grondslag van sy doop is, dan is die Doop nie meer die teken en seël van die Verbond nie, maar van die geestelike, subjektiewe staat van die dopeling.<sup>9)</sup> Dis dan nie meer ’n beseëling van die belofte, nie meer ’n daad van God aan die mens in die eerste plek nie, maar ’n seël op iets wat die mens besit.

Hierdie aksentverskuiwing sou CALVYN nooit kon goedkeur nie. Trouens hy verwerp dit in geen onduidelike taal nie. Hy skryf:<sup>10)</sup> „die droomen van ik weet niet welk zaad der verkiesing, dat in hunne harten van hunne geboorte af zou ingeplant zijn, worden hierin niet ondersteund door het gezag der Schrift, maar zelfs door de ervaring wedersproken.”

Dat die veronderstelde wedergeborteleer ’n aksentverskuiwing is, is deur Dr. KUYPER self erken, waar hy van sy wedergeborteleer skryf as van „een enigszins gewijzigde voorstelling van de gang van zaken.”<sup>11)</sup>

Hierdie Kuypertiaanse aksentverskuiwing noem Prof. L. LINDEBOOM van Kampen ’n versit van die wissel,<sup>12)</sup> terwyl Prof. HAITJEMA<sup>13)</sup> sê: „De omzetting van de verhouding van geloof en wedergeboorte, en niet minder ook de accent-verskuiwing van het majesteitelijke verkiezende handelen Gods naar het effect dier handeling in den vromen, wedergeboren mens, waren er duidelijke symptomen van,” d.w.s. van die fout wat Dr. KUYPER in sy teologie gemaak het.

Die verbondspriinspe dat God altyd eerste is en eerste bly, dat sy genade ryk en vry is, dat Christus die grond van die Doop is,<sup>14)</sup> dat Hy ons liefgehad het voor ons nog na Hom gevra het, is deur hierdie aksentverskuiwing verswak. Die aksent val nou nie meer op die é én s y d i g h e i d nie, maar op die t w e e s y d i g h e i d van die Verbond, op God én mens, met name die uitverkore, bekeerde mens met sy wedergeboorte-kiem.

<sup>8)</sup> „Voor een Distel een Mirt”, bl. 156.

<sup>9)</sup> „Neo-Calvinisme. Ontwikkeling en Aafwyking”, deur Prof. Dr. S. P. ENGELBRECHT. Uitgegee deur J. H. de Bussy, Pretoria 1945. Bladsy 37.

<sup>10)</sup> „Institutie” III, 24, 10. Uitgegee deur Zalsman, Kampen 1865.

<sup>11)</sup> „Het Werk van den Heiligen Geest, Amsterdam, 1888–89, bl. 155.

<sup>12)</sup> „Bewaar het Pand u toebetrouwd”, bl. 73, 74.

<sup>13)</sup> „Onder Eigen Vaandel”, Julie 1936, bl. 265.

<sup>14)</sup> „Institutie” van CALVYN IV, 16, 386.

Maar is die tweesydigheid van die Verbond nie ooreenkomstig die Formulier van die Doop nie? Staan in die Formulier dan nie dat „daar in alle verbonde twee dele is” nie? Is die twee dele van die Verbond dan nie aan die een kant God wat belowe, wat ook die kiem van die wedergeboorte gelê het in die hart van die uitverkore mens, en aan die ander kant hierdie wedergebore mens wat van sy kant sy gehoorsaamheid belowe, sy toewyding gee? Is dit die bedoeling van die „twee dele” van die Formulier? Is hierdie voorstelling in alle opsigte getrou aan Skrif en Belydenis? Laat ons nagaan wat ons hieromtrent geleer word.

Die verbondsluiting tussen God en die vader van alle gelowiges vind ons in Genesis 15. Abraham is besorg. God het hom ’n land en ’n nageslag belowe en hy is nog altyd sonder land en kinderloos. Maar dan kom die woord van die Here tot hom en andermaal word die belofte herhaal. Abraham wil egter nou ’n teken hê. Hy vra: „Here, HERE, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?” Dan kry hy opdrag om ’n driejaaroud-vers en ’n driejaaroud-bokkooi en ’n driejaaroud-ram en ’n tortelduif en ’n jong duif te neem. Die vers en bokkooi en ram word dan middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê. Volgens ’n ou gebruik moes hulle wat die verbond wens te maak dan albei tussen die bebloede helftes deurgaen. Daardeur word bedoel dat die twee verbondsluiters so bymekaar hoort soos die twee helftes van die diere, maar ook dat as een van die partye sy woord sou breek, dit dan met hom so sou gaan soos met die geslagte diere.<sup>15)</sup>

Dis opvallend dat in hierdie verbondsluiting daar ’n groot afwyking is nl. dat God alleen tussen die stukke deurgaen. Waarom? Omdat dit ’n Verbond is wat in sy oorsprong éénsydig is m.a.w. omdat dit ’n Genadeverbond is. Tereg merk A BRAKEL<sup>16)</sup> op, dat nog nooit sulke ongelyke partye bevredig is nie. Alles gaan van God uit. Hy is eerste. Die mens is nie geneë om met God ’n Verbond te maak nie. Hy kom met geen versoek daaromtrent tot God nie. Hy maak geen beloftes om God te beweeg om ’n Verbond met hom te sluit nie. Alles begin by God. Hy bied voorwaardes aan om die mens daardeur te beweeg en te lok om toe te tree tot sy Verbond. Hy gee alles, Abraham gee niks. God belowe<sup>17)</sup> ’n vrugbare land, sy hulp en seën, ’n seun, ’n groot nageslag, ja nog meer, die Messias. En hier eindig dit nog nie. God gee Homself ook. En wat belowe Abraham? Niks. Abraham maak nie alleen geen beloftes nie, maar God eis ook geen beloftes en geen voorwaardes van toetreding van Abraham nie. Juis omdat sy Verbond ’n Genadeverbond is, juis daarom kan daar geen sprake wees van eise aan die mens wat hy eers moet vervul nie. Sê die Woord dan nie:<sup>18)</sup> „As dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is

<sup>15)</sup> Jeremia 34: 18.

<sup>16)</sup> „Redelike Godsdienst”, Deel I bl. 354. Uitgee by Donner te Leiden, 1881.

<sup>17)</sup> Genesis 12: 7 en 15: 7; 12: 3 en 15: 1; 15: 4; 15: 5; 12: 3c en 22: 18; 15: 7 en 17: 7.

<sup>18)</sup> Romeine 11: 6.

die genade geen genade meer nie?" As daar eise was waaraan die mens eets moes voldoen en beloftes wat hy eers moes vervul, dan sou dit beteken dat die Genadeverbond veranderlik en verbreeklik was, want hy wat aan die eise nie voldoen nie en sy beloftes nie vervul nie, breek die Verbond. Maar die Verbond is 'n ewige Verbond. Dis onverbreeklik omdat die God van die Verbond sy beloftes gestand sal doen. As die mens iets moes belowe, sou hy sy belofte nie hou nie. Hy sou die Verbond verbreek en nie salig kan word nie. En as die mens iets kon doen en belowe, wat sou dit dan wees? Bekering, liefde, heiligheid, gehoorsaamheid? Hy kan dit egter uit homself nie. Maar dis God wat dit alles in hom werk.<sup>19)</sup>

Maar iemand kan miskien wys op Genesis 17: 1 „Wandel voor my aangesig” en op vers 9 en 10 „Maar jy moet my verbond hou . . .” „al wat manlik onder julle is, moet besny word.” Is dit dan nie eise van God aan Abraham, wat as teen-prestasies van sy kant aangemerkt kan word nie? As dit teenprestasies was, dan sou daar sprake van verdienste wees. Maar die Skrif<sup>20)</sup> leer dat Abraham uit geloof en nie uit die werke geregverdig is nje. Die oproep om te wandel voor die aangesig van God is nie anders as die roeping tot geloof nie.<sup>21)</sup> En die geloof is geen verdienste<sup>22)</sup> van die kant van die mens nie. Die geloof is slegs die leë hand<sup>23)</sup> waarmee die begenadigde sonder die genade uit die hand van God ontvang. Die troue nakoming van die besnydenisopdrag aan Abraham is dan ook nie as 'n verdienste toe te reken nie, want die belofte van God aan hom was nie afhanklik van die besnydenis nie. Intendeel, „hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie.”

Hierdie verbondsluiting leer ons dus: God alles, die mens niks. nie uit die werke van die wet nie — sodat niemand kan roem nie — alleen uit genade deur die geloof regverdig Hy die goddelose.<sup>24)</sup>

Ja, dis in sy oorsprong 'n éénsydige Verbond. Alles gaan uit van die barmhartigheid van God sonder dat Hy ons iets vooraf laat belowe. Selfs geen wet skryf Hy ons voor om daardeur geregverdig te word nie. Hy eis niks anders van ons as net geloof. Die wet selfs wat 430 jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie. God het die erfenis deur 'n belofte aan Abraham genadiglik geskenk.<sup>25)</sup>

Treffend wys A BRAKEL<sup>26)</sup> op die twee partye in hierdie Verbond. God, die een „party” is die Verbondmaker. Hy is in Homself algenoeg-

<sup>19)</sup> Filippense 2: 13.

<sup>20)</sup> Romeine 4.

<sup>21)</sup> „Grondslag en Wezen der Kerk”, bl. 32. 33.

<sup>22)</sup> Heidelbergse Kategismus Sondag 23.

<sup>23)</sup> „Doop en Verbond. bls. 8.

<sup>24)</sup> Romeine 4: 5.

<sup>25)</sup> Galate 3: 17, 18.

<sup>26)</sup> „Redelijke Godsdienst”, Deel I, bl. 355-357.

saam en word nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie.<sup>27)</sup> En hierdie algenoegsame God rig 'n Verbond op met die mens by wie alles ontbreek. Die ander „party” in die Verbond is die mens so ellendig, so sondig, so verdoemlik, so onmagtig. En met so 'n mens rig God sy Verbond op. Dis 'n Genadeverbond met 'n onwaardige mens opgerig. Daarom ook word deurgaans in die Skrif gesê: Ek sal my Verbond oprig; Ek sal 'n Verbond maak; Ek sal hulle bring onder die band van die Verbond. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.

So 'n Verbond kan nie anders as éénsydig wees nie.

OBINK<sup>28)</sup> wys daarop dat ons onder 'n verbond gewoonlik 'n ooreenkoms tussen twee gelykwaardige partye met wedersydse verpligtinge verstaan, dus pligte teenoor regte. In die O.T. kom die woord ook wel in hierdie sin voor, maar die Verbond wat die grondslag is van die godsdiens van Israel is éénsydig in sy oorsprong, al is dit dan ook tweesydig in sy uitwerking en toeëiening soos blyk uit die woorde uit die Formulier van die Doop dat in alle verbonde twee dele begrepe is. Die Verbond is belofte van God aan sy volk. Dan wys OBINK daarop dat die Hebreuse woord (*berit*) netsogoed deur belofte weergegee kan word.

In die LXX (die Griekse vertaling van die O.T.) word die woord *diathéké* gebruik wat „testament” beteken. Vandaar dat ons praat van Oue en Nuwe Testament omdat God van sy kant alles belowe aan die deelgenote van sy Verbond onafhanklik van beloftes van hulle kant. Sy Verbond is sy testament. Hy maak Abraham en sy nageslag erfgename sonder enige verdienste van hulle kant, sonder enige reg tot aanspraak wat hulle daarop sou hê. God gee — Abraham ontvang, hy erf. Soos 'n kind wat baie, ja alles verbeur het, maar tog erf, so is dit met die erfgename van die testament van God. Sy Verbond is soos 'n testament, want sy Verbond is 'n Genadeverbond met heerlike beloftes aan die onverdienstelike mens.

Die Formulier van die Doop laat dit duidelik uitkom met die woorde: „want as ons gedoop word in die Naam van die Vader, dan betuig en verseël God die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem . . . En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, dan verseël die Seun aan ons dat Hy ons was in sy bloed . . . En as ons gedoop word in die Naam van die Heilige Gees, dan verseker die Heilige Gees ons . . . dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig . . .” God betuig en verseël en verseker ons van sy beloftes. Ons moet dit net in geloof aanvaar.

Maar dis nie alleen die Skrif en die Formulier van die H. Doop wat ons leer dat die Verbond van God 'n Genadeverbond en as sodanig

---

<sup>27)</sup> Handeling 17: 25.

<sup>28)</sup> „Inleiding tot den Bijbel”, bl. 204.

éénsydig is nie. Ook die Belydenisskrifte van die Hervormde Kerke laat-dit duidelik uitkom en wil nie weet van 'n aksentverskuiwing in die Verbondsteologie nie, waardeur die uitverkore, wedergebore, bekeerde mens meer na vore kom. Dat die H. Doop 'n teken sou wees van die wedergebore staat van die dopeling, daarvan weet die Belydenisskrifte nie. Inteendeel, volgens die Nederlandse Geloofsbelijdenis het God die sakramente verorden „om in ons sy beloftes te verseël en om pande te wees van die goedheid en die genade van God jeens ons.”<sup>29)</sup> En ons kinders moet „gedoop en met die teken van die Verbond verseël word, netsoos die kindertjies in Israel besny is kragtens die selfde beloftes wat aan ons kinders gedoen is.”<sup>30)</sup>

Die Heidelbergse Kategismus spreek dieselfde gedagte<sup>31)</sup> uit waar geleer word, dat die Sakramente is „heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die Evangelie des te beter te verstaan en te verseël”, hierdie belofte naamlik dat Hy ons „vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk.” In die antwoord op Vraag 74 word van die Doop ook gespreek as „die teken van die Verbond.”

Dit is derhalwe in stryd met die Belydenisskrifte om te leer dat nie die belofte van die Verbond nie, maar die inwendige wedergeboorte, „het wedergeboren-zijn”<sup>32)</sup> van de dopeling in die Doop verseël word.

Dat hierdie stryd nog nie uitgestry is nie, blyk nou weer deur die onlangse afskeiding in die Gereformeerde Kerke van Nederland. Die Kuyperiaanse leer van die veronderstelde wedergeboorte was immers ook een van die geskilpunte.

Dis egter nie alleen daar waar die gevaar dreig om die swaartepunt van die Evangelie te verlê in die mens, in sy geloof of in sy wedergebore staat nie, maar ook in Suid-Afrika en elders, want die ou Doperse standpunt leef voort in alle sektes en van alle tye. En waar hierdie standpunt veld win, daar verloor die Bybels-Reformatoriese standpunt, dat God eerste en dat Hy alles is, almeer veld. Dis nodig dat die éénsydigheid van die Genadeverbond in sy oorsprong steeds op die voorgrond gebring word, dat in gedagte gehou word die wyse woord van WORMSER:<sup>33)</sup>

Ons nasie is gedoop. Leer dan die nasie sy Doop verstaan en waardeer, en Kerk en Staat is gered.

JOH. DREYER

---

<sup>29)</sup> Artikel XXXIII.

<sup>30)</sup> Artikel XXXIV.

<sup>31)</sup> Sondag 25.

<sup>32)</sup> „Vijf Stellingen, betreffende leeringen, waarover in de Gereformeerde Kerken van Nederland in de laatste jaren verschil gevallen is.” door Voorgangers en Leden van genoemde Kerken. Uitgegeef deur J. H. Kok, Kampen 1905, bl. 16.

<sup>33)</sup> „De Kinderdoop, beschouwd met betrekking tot het bijzondere, kerkelijke en maatschappelijke leven” door J. A. WORMSER, 3de druk. Uitgegeef by Hóveker en Zoon, Amsterdam 1855, bl. 5, 14 en volgende.